




Geskiedenis Besig Spanje Gelyk Te Gee

In 'n opsomming oor die posisie van Spanje kom Intelligence Digest tot die gevolgtrekking dat genl. Franco vandag baie stewiger in die saal sit as ooit te vore en dat die toekoms vir die land rooskleurig is ten spyte van die volgehoue isolasie waarin die Westerse moondhede hom probeer versmoor het.

Daar word 'n strenge ekonomiese beheer gehandhaaf deur Suances, minister van ekonomie en handel, wat vir die kapitalistiese blykbaar 'n doring in die vlees is, maar selfs sy kwaalste teenstanders moet erken dat Suances 'n eerlike man is. Spanje kan redelik welvarend word indien sy ekonomiese groter vryheid kon kry en hy kon uitbreek uit sy isolasie, word gemeen.

Inmiddels beweeg die wêreldtoestand in Spanje se guns en genl. Franco is vandag nog minder bereid om toegewings te maak as ooit te vore. Aanvanklik was die demokratiese lande se eis dat Franco onvoorwaardelik moes pad gee voordat normale betrekkinge met die land herstel sou word. Hierdie eis het onder druk van die Kommunistiese bedreiging geleidelik verander tot een dat hy politieke toegewings moes maak, maar ook dit is laat vaar en vandag word nog net ekonomiese toegewings van hom geëis. Maar

Frankryk Likwider Franco Se Vyande

Die Spaanse Kommuniste wat deur genl. Franco in 1937 uit Spanje verdryf is en vir meer as tien jaar net oorkant die grens op Franse bodem voortgegaan het met hul stryd waarin hulle die simpatie van die Westerse demokrasieë geniet het — onder andere van die Britse eerste minister, Clement Attlee, persoonlik — is verlede week deur die Franse regering gelikwideer.

Die Spaanse Kommunistiese Party in Frankryk is onwettig verklaar en sy koerant, Mundo Obrero, is verbied. Lede van die party wat ondervra is, is voor die keuse gestel om of geïnterneer of na Oos-Europa gestuur te word. 130 van die 160 Spanjaarde aan wie die keuse gestel is, het verkies om liewer in Frankryk geïnterneer te word as om in vryheid na Oos-Europa verban te word.

(Vervolg van kolom 5)
'n Krugergroep, 'n Joubertgroep en met tye 'n Burgergroep en 'n Kotzégroep in die Volksraad. So is daar vandag 'n Döngesgroep, 'n Strydomgroep, 'n Straussgroep en Steyngroep in die Volksraad. Hierdie vier groepe is nie die H.N.P., A.P., V.P. en sê nou maar die Arbeidersparty onderskeidelik nie. Groepe sal daar altyd wees, maar dit is nie noodwendig politieke partye nie).

WAARDELOOS

Die rede waarom die Z.A.R. in hierdie sin partyloos was is juis omdat die Uitvoerende Raad en die Volksraad onafhanklik van mekaar was. Dit (Vervolg op bladsy 6 kolom 3)

ook dit weier Franco omdat hy weet dat die wêreldontwikkeling hom gelyk sal gee.

So hoopvol is die Spaanse regering op 'n herstel van sy lidmaatskap van die Westerse volksgemeenskap, wat voor einde Oktober verwag word, dat buitelandse verteenwoordigers al klaar voorlopig aangewys is.

Die blad voeg daaraan toe dat die „Republikeinse Regering in Bannelingskap“ weinig ondersteuners in Spanje het, en dié wat daar nog is, is besig om weg te krummel.

STERKSTE IDEE SAL WEN TEEN KOMMUNISME

Die Spaanse burgeroorlog het getoon dat die politieke partye van die demokratiese-kapitalistiese stelsel nie instaat was om die Kommunisme te verslaan nie. Dit was die nuwe gedagte van die volksbeweging en volkstaat wat as die aanvanklike swakkere vennoot van die anti-kommunistiese magte uiteindelik die deurslaggewende koers aangegee het en vandag nog die botoon voer. Net so sal dit ook die volksbeweging-rigting wees wat vandag in bondgenootskap met die politieke partye die stryd teen die Kommunisme op wêreldskaal aanknoop, wat as die toonaangewende mag uit die wêreldbotsing sal kom omdat dit 'n alternatief vir die Kommunisme bied, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtings-offisier, verlede Saterdagmiddag op Tiervlei gesê by geleentheid van 'n O.B.-dagfunksie. Mnr. Laubscher het as volg gepraat:

By hierdie viering van die twaalfde verjaardag van die Ossewabrandwag wil ek hulde bring aan die gewone manne en vroue van die Beweging. Julle is die Afrikaners wat die vryheidstryd van ons volk, namens die lewende geslag van die Afrikanervolk gevoer het — nie met die mond nie maar met die daad.

Julle is die moderne Afrikaners wat nie net in ons tyd leef nie maar van ons tyd is — wat besig is om ons volk voor te berei en af te rig om menswaardig te kan voortbestaan in hierdie verbysterende Twintigste Eeu.

Julle is die manne en vroue wat die moed en offervaardigheid besit om te veg vir daardie beginsels waaraan julle 'n hartsogtelike geloof het. Julle het nie nodig om verskoning te vra vir julle bestaan nie. Julle het net rede om trots te wees op die vegtersgees in julle en vir daardie pragtige vergesig van ons volk se toekoms wat julle in jul harte omdra.

UNIALE LAERTREK

En op die sewende en die agste November van hierdie jaar gaan hierdie manne en vroue weer almal bymekaarkom op Bloemfontein om die derde Uniale laertrek van die Ossewabrandwag te hou. Ons gaan almal daarheen om opnuut besieling te gaan put uit die standhoudende geloof van ons leiers in die ideale waarvoor hulle ons oproep om te veg; om krag te gaan put uit die toekomskoers

'n Eie Suid-Afrikaanse Staatstelsel.

WAAROM BOEREREPUBLIEK PARTYLOOS WAS

Organisasies Kon Geen Kruiwaens Wees Na Hoë Poste

Ons het 'n jaar of twee gelede die geleentheid gehad om met 'n vooraanstaande Nederlandse besoeker te gesels oor die moontlike hervorming van ons grondwet. Hy vra toe watter soort staat ons verlang; ons antwoord: 'n partylose staat. Hy maak toe beswaar teen die benaming aangesien dit te negatief is. 'n Motorkar is bv. voer 'n „perdelose voertuig“ genoem maar almal voel dat hierdie benaming vandag nie meer gebruik word nie, aangesien meer nadruk moet val op die masjien wat

wel daar is as die perde wat nie meer daar is nie.

In elk geval ons verduidelik toe aan die besoeker wat ons nou eintlik onder 'n partylose staat verstaan; dat ons 'n staathoof (president) verlang wat direk deur die volk gekies is en wat werklik regeer. Hierin word hy bygestaan deur 'n Uitvoerende raad wat deur hom aangestel word en in die eerste plek aan hom verantwoordelik is. Verder verlang ons ook dat geen persoon tegelykertyd lid van sowel die uitvoerende raad as die volksraad kan wees nie.

VERBAAS

Die Nederlandse besoeker se antwoord was: Moet dit nie 'n partylose staat noem nie, noem dit liewer 'n staat met 'n presidentiële kabinet! Hy was verder verbaas om te verneem dat ons huidige ministers terselfdertyd Volksraadslede is. Dit is glo heeltemal foutief. Die Volksraad moet die volk verteenwoordig by die regering. Indien 'n mens terselfdertyd lid moet wees van 'n regering en lid van 'n liggaam wat die volk by die regering moet verteenwoordig, dan is daar mos heeltemal 'n

teenstrydigheid. Indien byvoorbeeld die agbare lid vir Piketberg 'n afvaardiging uit sy kiesafdeling moet lei na die Minister van Buitelandse Sake om beswaar te maak omdat een of ander buitelandse gesant „Swak, Piketberg“ gesê het, dan mag dit lei tot 'n hewige rusie tussen die Minister van Buitelandse Sake en die agbare lid vir Piketberg. Moontlik kan hulle dan gesamentlik die Eerste Minister nader en hy sal dit besluit moeilik vind om kant te kies!

ONDING

Hierdie ingevoerde stelsel waaronder ons vandag gebuk gaan is werklik 'n onding. In nasionale kringe heers 'n algemene vreugde oor die onlangse gunstige verkiesingsuitslae in Suidwes-Afrika. Tog voel die meeste Afrikaners baie besorgd;

Deur A. J. van Rooy

hierdie gunstige verkiesingsuitslae mag dalk die aanleidende oorsaak wees vir 'n nuwe kabinetkrisis! En 'n kabinetkrisis mag die begin wees van die einde van die huidige Afrikanerbewind.

Die ou Boere was baie gelukkiger as ons. Die uitvoerende raad was baie meer onafhanklik van die skommeling in die Volksraad. Elke Uitvoerende Raadslid, van President tot Notulehouer het sy bepaalde ampstermyn gehad net soos die Administrateurs van vandag. Hulle het nie nodig gehad om Volksraadsverkiesings te help veg nie, want hulle eie lotgevallen was nie direk daarmee gemeed nie. Die president was eintlik net geïnteresseerd in die presidentsverkiesing en kon sy volle aandag bepaal by sy administrasie.

GEEN BESLOMMERNISSE

Dieselfde het gegeld vir die ander lede van die Uitvoerende Raad. Elkeen het sy regeringsplig gehad om naastiglik te vervul, sonder om onderbreek te word deur 'n beroep om te help met dié volksraadsverkiesing of dié provinsiale raadsverkiesing of dié tussenverkiesing. Verder het nie een van hulle nodig gehad om 'n partybestuursvergadering of 'n partykongres of 'n partykous of 'n hoofbestuursvergadering by te woon nie. Elke Uitvoerende Raadslid kon hom bepaal by sy werk.

Die Uitvoerende Raad van Transvaal was eintlik wat ons vandag 'n „binnekabinet“ sou noem. Dit het bestaan uit die President, Kommandant-generaal, Staatssekretaris, twee gewone lede en 'n Notulehouer. Daar was egter ook 'n ander lede van die uitvoerende gesag, wat ons vandag ongetwyfel „ministers“ sou genoem het. So was daar bv. ds. S. J. du Toit (en later dr. Mansveld), Superintendent van Onderwys, 'n Superintendent van Natuurlesse en Hoof van Mynwese. Hierdie departementshoofde het sitting op die Uitvoerende Raad gehad wanneer sake wat hulle onderskeie afdelings raak behandel is. In werklikheid was daar dus 'n binnekabinet en 'n breë kabinet. Eersgenoemde was taamlik konstant, terwyl laasgenoemde steeds vir nuwe departemente en afdelings van die staatsgesag voorsiening gemaak het.

PARTYLOOS

Dit is dus geen wonder dat die presidentiële state (die ou republieke) inderdaad ook partyloos was nie. (Daar was wel (Vervolg in kolom 1)

Partye Het In Spanje Verdwyn

swakkere vennoot van die anti-kommunistiese magte uiteindelik die deurslaggewende koers aangegee het en vandag nog die botoon voer. Net so sal dit ook die volksbeweging-rigting wees wat vandag in bondgenootskap met die politieke partye die stryd teen die Kommunisme op wêreldskaal aanknoop, wat as die toonaangewende mag uit die wêreldbotsing sal kom omdat dit 'n alternatief vir die Kommunisme bied, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtings-offisier, verlede Saterdagmiddag op Tiervlei gesê by geleentheid van 'n O.B.-dagfunksie. Mnr. Laubscher het as volg gepraat:

SPAANSE VOORBEELD

Dit is my oortuiging dat die uitvoering van hierdie taak van die O.B. deur die gang van toekomstige gebeurtenisse oneindig verhaas en vergemaklik gaan word.

Ek lees in die koerante dat militêre leiers en ander 'n vergelyking tref tussen die heersende oorlog in Korea en die Spaanse burgeroorlog van die dertiger jare. Vir my is daar ook 'n treffende vergelyking.

In 1937 het burgeroorlog uitgebreek in Spanje tussen aan die een kant die konserwatiewe politieke partye gesteun deur die jong Falangistiese beweging van Antonio Primo de Rivera en aan die ander kant die Populêre Front van Kommuniste en hul genote. Die leier van die Falangiste was in die tronk by die uitbreek van die oorlog. En hy het nooit lewendig uit die tronk gekom nie. Maar hoe wel leierloos en die swakker vennoot in die anti-kommunistiese stryd magte het die Falangistiese beweging die onontbeerlike alternatiewe idee verskaf in die stryd van die Spaanse volk teen die Kommunisme. En toe die vrede daag het die Falangistiese beweging gewen — want daar het die nuwe Spanje van Primo de Rivera se drome verrys.

NUWE VADERLAND

In Korea vind die voorspel plaas tot die derde wêreldoorlog wat gevoer sal word teen die (Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

DIE O.B., WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 1950

BEGINSEL IS MAAR NET 'N RENPERD

Die lykskouing van die Suidwes-verkiezing deur die Verenigde Partypers in die Unie laat 'n interessante lig val op ons ingevoerde staatsstelsel. 'n Korrespondent van die Cape Times verklaar dat die tweede verpletterende nederlaag wat die party binne drie jaar gely het, sy volgelinge en organiseerders tot die besef geskok het dat daar „iets fundamenteels verkeerd is met hul beroep op die kiesers”. 'n Drastiese opknapping nie net van organisasie nie, maar ook van sy algehele benadering van die politiek is noodsaaklik, lui die advies van die korrespondent.

Wat beteken hierdie woorde? Dit beteken dat 'n politieke organisasie wat om die staatsbestuur meeding, 'n beleid aan die kiesers bied wat hulle nie wil aanvaar nie, en omdat dit so is word die organisasie met sy onaanvaarbare beleid nie ontbind nie, maar moet dit gaan rondsnuffel om vas te stel wat presies die smaak van die volk is sodat die regte aas aan die hoek geheg kan word.

Vir die gewone kieser wat elke vyf jaar opgeroep word om die een of ander lewensbeginsel by die stembus met sy stembriefie te gaan verdedig, skyn die bestaan van twee politieke partye 'n onvermybare noodwendigheid te wees omdat elkeen die produk skyn te wees van diepe sielsoortuiging van 'n deel van die volk. Maar hier kom 'n koerant nou en skryf die nederlaag van 'n party toe aan die feit dat sy politieke aas nie in die smaak van die kieserskorps val nie, en word aan die hand gedoen dat die party ander aas moet soek wat gretiger deur die stemvisse gegryp sal word.

SLEGS 'N MIDDEL

Dus, nie die roepende „beginsels” wat in die politieke program met soveel vrome hartstog in plegtige woorde uitgedruk word, het 'n organisasie nodig om dit tot handhawing en uitvoering te bevorder nie, maar die een of ander organisasie wat na mag strewe bloot terwille van mag, het 'n „beginsel” of reeks „beginsels” nodig waarop hy na die staatsmag wil ry. En as die een „beginsel” nie die paal kan haal teen die ander party se „beginsel” nie, dan word oorweeg om 'n ander „beginsel” te gaan soek wat 'n beter kans sal hê om die party aan die wenkant uit te dra.

Die party dien dus nie die beginsel nie, maar die beginsel dien die party, en daarom is dit dan ook dat 'n party telkemale so groot en sterk word op die rug van 'n goeie beginsel en ideaal, maar dat sodra hy aan bewind kom, daardie beginsel en ideaal in die yskas beland tot die volgende verkiesing — die perd word op stal gehou tot die volgende groot wedren.

VOLKSORGANISASIE ANDERS

Dit is hier waar die grondleggende verskil is tussen 'n politieke party en 'n volksorganisasie. Laasgenoemde strewe nie na mag bloot terwille van mag nie. Die Voortrekkers, toe hulle hul in 'n trekkende volksorganisasie verenig het, het nie gesoek na blote mag nie, maar na die uitlewing van sekere beginsels waarvoor hulle gestaan het. Hul organisasie is gebore uit die drang van oortuiging met die doel om daardie oortuiging te verwesenlik. So ook was die stigting van die volksorganisasie, die Genootskap van Regte Afrikaners, nie 'n stigting wat onder dekmantel van taalbevoordering eintlik agter die regeringsmag aan was nie. Dit was suiwer en alleen in die lewe geroep om die taal te dien ongeag wie regeer.

So 'n organisasie kan dus nie sy „program van beginsels” verander ten einde dit meer in ooreenstemming met die smaak van die volk te bring nie. Dit is gebonde aan daardie beginsels soos die windpomp gebonde is aan sy taak om water uit die grond op te trek. Maar 'n politieke party is nie gebonde nie, want hy gebruik die water maar net as stoom om hom aan te dryf na 'n magsbestemming, en as petrol 'n beter dryfkrag is as water, dan slaan hy sonder gewetenskwellling of pligversaking oor na petrol.

STAAT GEEN PRYS

In die Boererepubliek was daar geen partye nie omdat daar geen oorwinningskroon ingestel was vir wedywerende politieke partye nie. Die staat was nie 'n prys in 'n politieke wedstryd nie, maar was die magsorgaan van die volk as geheel tot reëling van die volksgemeenskap. En die beginsels wat die volk gehuldig het is werktuiglik opgeneem in die staatsbeleid omdat die staat self die politieke organisasie was van die volk. Die volk het sy staatsgesag regstreeks uitgeoefen en dit nie opgedra aan die een of ander agent in die vorm van 'n politieke party wat om die opdrag kom voetval het en as kommissie die staatsmasjinerie in besit gekry het nie.

Van Die Os Op Die Esel

My Eersteling

Ek het verlede week my eerste brief ontvang van 'n leser uit Bellville. En ek is in my noppies oor hierdie eersteling. Want dit is somar 'n lang brief en boonop 'n baie interessante brief. My leser skryf: „Dit is gaaf-gaaf dat Die O.B. nou 'n kolom bevat waarin daar somer gesels word oor alles en nog wat. Ek weet nie of dit geoorloof is nie, maar ek voel lus om 'n bietjie saam te gesels.” Natuurlik is dit geoorloof en ek wil baie dankie sê vir die paar blink stuiwers wat u in die gesamentlike armbeurs gegooi het. My leser vertel dat die titel „Van die Os op die Esel” hom baie laat dink aan die tannie wat maar gedurig gestruik het as sy met hierdie uitdrukking te doen kry. Sy kon dit nou maar net nie help nie om altyd te sê: „Van die ossel op die ees”. Ek wonder of daar onder my lesers ook omies en tannies is wat struikel oor die naam van my geselskolom. Ek hoop tog nie.

En nou geë ek die woord aan my leser uit Bellville. Hy vertel:

Glimlagte van Heinde En Ver

„Vanoggend het ek die wolmark op Paardeneiland besoek. Daar was heelwat kopers op die vloer en die openbare gallery was gepak deur glimlagte wat deur boere van heinde en ver soontoe gebring is. Terwyl ek daar was het een boer 152½d. per lb. vir sy skape se wol gekry. As 'n mens nou gaan reken dat wol eentyd 4d. per lb. was, kan goed verstaan word waarom daar so breed geglimlag is.

„Iemand wat net voor my gesit het, het uitgewerk wat die een boer net vir sy fynste wol ontvang het: £1,400! Dit was maar net die begin. Hy het nog baie ander bale wol wat anders „geklaas” is, ook op die mark gehad.

„Nouja, ons gun almal die wolboere die lekkerkry wat hulle nou belewe — veral waar hulle jare gelede maar baie swaar gekry het. Ons hou ook almal maar goed duim vas dat hulle sal kophou, want na die vet jare kom die maer jare, seker en gewis.

„Baie boere het nou die geleentheid om verbandskulde af te los, om verbeterings op hulle plase aan te bring, om grondbewaringskemas aan te pak, en om oor die algemeen hulle eie posisie te verstewig.

Grond word Duurder

„'n Mens kry darem ook mense wat verkeerde dinge doen. So weet ek van 'n boer wat 'n pragtige plaas het, waarop alle moontlike verbeterings reeds aangebring is. Hy en sy vrou het geen kinders nie, maar hulle het so 'n pragtige plaas dat die koms van die oudag hulle met geen verskrikking hoef te vervul nie. Die oom kry toe weer 'n lekker groot woltjek. Sou hy nou nie werklik 'n aangrensende plaas wat altyd as £5 per morg werd beskou is vir £10 per morg gaan koop nie!

„Nou kan mens reken wat nou eintlik fout is daarmee. As hy dit wil betaal, laat hom dit maar betaal, dit is mos sy saak! Ongelukkig is dit nie net sy saak nie. Hy maak grond duurder. En omdat hy grond nou laat duurder word, maak hy boerdery vir alle toekoms ook duurder. Omdat boerdery duurder word, sal dit vir die boere al hoe swaarder word om boerdery te laat betaal — veral wanneer die huidige hoë pryse iets van die verlede geword het.

Deur Sybrand

„Maar wat moet die boer nou met sy woltjek doen? Hy kan tog nie alles renteloos in die bank laat lê nie.

„Dis opvallend dat daar nou baie geld na die platteland gaan, maar dat die platteland desnieteenstaande besig is om ontvolk te raak. Die mense gaan na die stede — gewoonlik dié mense wat nie kapitaal na die stede kan saamneem nie — maar nietemin mense van ons vlees en bloed. Die kapitaal gaan egter vandag in die teenoorgestelde rigting. Wat is die gevolg?

Huise word Skaarser

„Die vernaamste gevolg is 'n geweldige woningnood in al die stede en in die meeste dorpe. Daar is nie huise nie, en daar is nie die geld om dit mee te bou nie. Daar is bougenootskappe wat die geld moet voorsien, maar keer op keer moet ons lees dat hulle weer lenings moet inkort weens gebrek aan geld — die geld wat nou na die plase gaan en grondpryse opjaag.

„En tog bly die woningkwaesie iets van volksbelang — iets ook van direkte belang vir die boer op sy plaas. Want hoe meer wonings, hoe meer gesonde gesinne. Hoe meer gesinne, hoe meer kopers van die boer se produkte. Deur die dorpe en stede te laat uitbrei, brei die boer sy toekomstige mark ook uit!

„Die raad aan die bouer wat geld het om te belê is dit: Moet dit nie belê in grond wat jy nie nodig het nie — dit sal die las van die boeregemeenskap vergroot. Belê dit in huise in stede, in dorpe. Laat vir jou huise bou wat jy kan verhuur. Of indien jy nie al dié beslommerenis wil hê nie, belê jou geld in bougenootskappe wat mense in staat kan stel om vir hulself huise te bou. Daardeur word jou toekomstige mark vergroot — 'n bate vir die boeregemeenskap!

Politiek en Onkruid

„Nouja, Sybrand, so het ons by die wolmark begin en by die woningvraagstuk opgehou. Ons het by boere begin en by dorpenaars opgehou. Die een kan nie vir die ander sê: Ek het jou nie nodig nie. Dit sal fataal wees — veral vir die een wat nou so sê. Die boer en die dorpenaar moet maar gedurig mekaar se hande vasvat en onthou Een vir Almal, Almal vir Elkeen!

„Ek wou nog gesels het oor grondbontjies, tamatiesop, politiek en onkruid, maar ons sal maar eers hoor wat sê die vrouens van die bediendevraagstuk — soos die tannie gesê het: van die ossel op die ees!”

Stadig nou, dames. Nie almal gelyk nie. Net een van u mag die woord kry oor die bediendevraagstuk!

Die Twee Eenderse Stories

Ek het onlangs geleentheid gehad om op twee verskillende dorpe vir kort rukkie te kuier. En op elkeen van die dorpe het die vriende by wie ek tuis was vir my die storie vertel van 'n ondervinding wat 'n plaaslike O.B.-lid deurgemaak het. Die twee stories is presies dieselfde en tog het dit betrekking op twee verskillende gebeurtenisse wat op twee verskillende dorpe plaasgevind het met twee verskillende persone — wat albei lede van die Ossewabrandwag is en toevallig albei gesiene inwoners van hul onderskeie dorpe is.

Ek dink die storie is van meer as plaaslike belang en daarom gaan ek dit hier oortel.

In albei dorpe moes die magistraat 'n plaaslike persoon by die departement aanbeveel vir aanstelling as vrederegter. In albei gevalle het die magistraat heeltemal toevallig 'n O.B.-lid genader om hom tog die aanstelling te laat welgeval. En in albei gevalle het die persoon ingewillig en het die magistraat inderdaad 'n O.B.-lid aanbeveel — ek glo sonder dat hy eers geweet het dat die betrokke persoon lid van die Ossewabrandwag is. Dit is gebruiklik, hoewel nie noodsaaklik nie, dat die persoon aangestel word wat die magistraat aanbeveel. Maar in albei gevalle is die twee lede van die O.B. egter nie aangestel nie — intendeel is daar twee lede van die H.N.P. aangestel.

Wie het Verklik?

Is dit toevallig dat die aanbevelings van twee verskillende magistratre tersyde gestel is, of is dit die beleid van die departement van justisie om nie 'n O.B.-lid as vrederegter aan te stel nie? Word daar dan van staatsweë teen O.B.-lede gediskrimineer? Dit is bekend dat die Herenigde Nasionale Party teen O.B.-lede diskrimineer, maar word die Party se diskriminasie ook in staatsdepartemente ingedra? Ek weet nie wat die betrokke departement of die betrokke minister se beleid is nie. Ek weet net wat op twee verskillende dorpe met twee verskillende O.B.-lede gebeur het.

Daar is 'n paar verdere vrae waarop ek nie antwoorde kan gee nie. Wie het aan die betrokke minister of sy gevolmagtigde vertel dat die persone wat aanbeveel is lede van die O.B. is? En wie het aan die betrokke minister of sy gevolmagtigde die name verstrek van die H.N.P.-lede wat uiteindelik aangestel is. Op wie se aanbeveling is daar gehandel nadat die aanbeveling van die plaaslike magistraat verontagsaam is? Die minister of sy gevolmagtigde ken tog nie die inwoners van elke dorp nie. Derhalwe moet die departement 'n plaaslike aanstelling op 'n plaaslike aanbeveling doen. As die aanbeveling gekom het van die plaaslike Herenigde Nasionale Party-organisasie by monde of van 'n ampsdraer van die Party of van die kiesafdeling se verteenwoordiger in die volksraad of provinsiale raad, dan is dit mos onbehoorlike inmenging deur 'n politieke party in 'n staatsdepartementele aangeleentheid. Altans, ek dink so. Miskien kan iemand wat weet 'n uitleg van die saak gee.

(Vervolg van bladsy 3 kolom 3)

Grondige Herskepping

regering nie. Daar moet koördinerende van beleid wees.

Dit is die dinge wat die Ossewabrandwag voor stry, en omdat hierdie sake by die dag dringender word, is die atmosfeer besig om gunstiger te word vir die idees van die Ossewabrandwag. Ons moet dit net uitdra na buite. Ons moet meer sametrekking hou, en elkeen van ons kan dit doen, want ons het nie net een of twee leiers aan die hoof nie, maar elkeen van ons is 'n leier. Dit is die plig van elke offisier om uit te spring en propaganda te maak vir ons saak.

Mnr. A. J. van Rooy, generaal van Bellville, het ten slotte 'n woord van waardering gespreek.

GRONDIGE HERSKEPPING 'N DRINGENDE VEREISTE

Die noodsaaklikheid vir 'n grondige herskepping van ons staatkundige en maatskaplike stelsel word by die dag meer dringend en daarom word die behoefte aan 'n organisasie soos die Ossewabrandwag steeds groter. Sy beginsels is besig om tot ontluiking te kom omdat die atmosfeer vandag gunstiger daarvoor is in die lig van wêreldontwikkelinge, het genl. J. A. Smith verlede Woensdagaand in Kaapstad gesê by geleentheid van 'n huldigingsfunksie in die vorm van 'n eetmaal deur die Skiereilandse offisiere. Genl. Smith het sy 64ste verjaardag op 4 September in Kaapstad, waar hy op besoek was, gedenk.

Genl. Smith In Kaapstad Gehuldig

Die verrigtinge is gelei deur mnr. S. J. Kamffer, Gebieds-stafhoof, en met gebed geopen deur mnr. Heyns, kommandant van Observatory. Die heildronk is ingestel deur die voorligtings-offisier, mnr. W. R. Laubscher. Laasgenoemde het in sy toespraak gesê dat die huldiging nie 'n monument is vir afgehandelde diens nie, maar slegs 'n dekorasie midde in die stryd. Genl. Smith is een van daardie besonder weinige mense wat die kuns verstaan om van sy vroegste jeug af steeds aan sy volk te gee sonder om iets daarvoor in ontvangs te neem. In hierdie tyd wanneer almal maar net wedywer om die meeste in te palm is manne soos hy wat 'n stryd voer vir suiwer idealisme sonder beloning, 'n groot

seldsaamheid en daarom ook 'n groot besieling.

VREEMDE LEES

In sy antwoord het genl. Smith gesê dat ten spyte van die nasionale bewind ons 'n gevoel van magteloosheid het omdat ons staat op vreemde lees geskoei is en nie deug in die huidige wêreldomstandighede nie. Die waarheid van wyle genl. Hertzog se stelling wat hy vir die Ossewabrandwag geformuleer het, naamlik dat dit noodsaaklik geword het om ons staatkundige en maatskaplike stelsel so te herskep in ooreenstemming met die Afrikaner se tradisie en lewensbeskouing dat dit die grootste mate van stoflike en geestelike geluk aan die volk sal verskaf, geld nog. Voordat daardie herskepping nie plaasgevind het nie, sal ons nêrens kom nie. Met die medewerking van die wyere volkslaer sal dit nog verkry word.

TEEN 'N MUUR

Die behoeftes daarvoor word groter in die aangesig van die groot vraagstukke rondom ons. Neem byvoorbeeld die kleur-vraagstuk. Ons loop binne die huidige stelsel teen 'n muur vas. Die Verenigde Party se laat maar loop-beleid bied geen oplossing nie. Die H.N.P. se beleid kom eintlik ook nie verder as net 'n beperking nie, en dit is net 'n tydelike beperking. Mnr. Havenga se gebondenheid aan die uitgediende konstitusie maak 'n duursame oplossing ook onmoontlik. Die Ossewabrandwag voel dat 'n positiewe beleid van hervorming noodsaaklik is. Die vraagstuk is so omvattend en het so baie punte dat dit nie binne die huidige grondwet opgelos kan word nie. 'n Algehele herskepping is nodig. Die grondwet moet so verander word dat dit verteenwoordiging aan almal gee sonder dat sekere groepe die voetbal van die partypolitiek is. Daar moet onder andere 'n gemeenskapsraad, afgesonderd van die volksraad, wees waarin alle groepe verteenwoordig kan word.

AANHANGSEL

Ons verhouding ten opsigte van die buiteland verdien ook 'n grondige verandering. Vreemdelinge wat na die land immigrer word nie Afrikaners nie, maar jingo's en wel omdat ons in die oë van vreemdelinge nie selfstandig is nie, ongeag watter mooi woorde daar op papier geskrywe mag staan. Ons word beskou as 'n aanhangsel van die Britse Ryk, en voordat daardie toestand nie verander is nie, sal immigrante die Afrikaner minag.

Ons leef in 'n land van groot wisselvalligheid ten spyte van tydelike „booms" wat nou en dan opvlam. Daar moet dus 'n behoorlike volksorg wees vir daardie deel van die volk wat swaar kry selfs te midde van „booms".

VERSNIPPER

Daar is ook 'n gebrek aan eenheid in ons staatsorganisasie. 'n Paar groot stede byvoorbeeld kan net sowel in die buiteland wees wat hul bestuur betref. Terwyl tweetaligheid 'n landsvereiste is, word in hierdie stede geen ag geslaan op die Afrikaner se taal nie, en ook nie op die landsbeleid van die

(Vervolg op bladsy 2 kolom 5)

Verdrag Tussen Indië En Sjina

'n Verdrag tussen Indië en Sjina sal waarskynlik aanstaande maand onderteken word, berig die Engelse pers. Pandit Nehru sal, na verwag word, na Peking gaan vir die ondertekening daarvan.

Die voorwaarde van die verdrag sal wees die wedersydse erkenning deur die twee lande van mekaar se regte en grense, en die onderneming om onsydig te bly in 'n oorlog waarin een van die twee betrokke mag raak as gevolg van 'n aanval op hom. Verder sal daar waarskynlik 'n bepaling wees dat enige verwikkeling in Asië wat tot versteuring van die vrede kan lei, van gemeenskaplike belang vir die twee lande is.

Indien hierdie verdrag gesluit word, beteken die aanwesigheid van Indië in die Britse Statebond of in enige Westerse organisasie bloedweinig, behalwe in sover dit voordelig kan wees vir die Oosterse vyand. Dit kom daarop neer dat die Westerse volke dit sal moet oorweeg of die voordele om Indië, met sy sterk vyfde kolonnes veral in Afrika in die Westerse skoot te hou opweeg teen die nadele daarvan.

Samesprekings In Londen Oor Verdediging

'n Afvaardiging onder leiding van die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, vertrek teen die middel van die maand na Londen vir militêre samesprekings met die Britse regering. Volgens berig word, beoog die regering 'n nouer militêre samewerking tussen die gebiede in Afrika. Een van die vraagstukke wat bespreek sal word, is die kwessie van bewapening van naturelle. Die eerste minister van Suid-Rhodesië het reeds verklaar dat dit die kernvraagstuk van die samesprekings sal moet vorm aangesien Afrika nie genoeg blankes het om hom te verdedig nie. In die verlede was dit die Unie-regering se beleid om geen naturelle militêr op te lei nie, maar daar word gemeen dat die Unie hierdie beleid sal moet laat vaar as hy met die Britse gebiede tot 'n ooreenkoms wil kom.

Sprake Van Vrede Tussen Sowjet En Oos-Duitsland

Die Duitse koerant „Welt" bevat 'n verslag van 'n voor-genome vredesverdrag tussen Oos-Duitsland en Rusland, wat die beëindiging van die Potsdamse ooreenkoms sal meebring. Rusland sal egter sy beskermende hand oor Duitsland hou en enige „bedreiging" help afweer.

Volgens die berig sal die Russe aankondig dat hulle die ooreenkoms van Potsdam verwerp en die reëling vervang deur 'n vredesverdrag met Oos-Duitsland, waarin die terugtrekking van Russiese troepe na ses maande onderneem sal word. Rusland sal 'n eis van Oos-Duitsland dat die ander besettingsmoondhede dieselfde doen, ondersteun, wat insluit die algehele onttrekking aan Berlyn en die herroeping van die Wes-Duitse mark as geldeenheid.

Die Russiese terugtrekking sal egter nie volledig wees nie, daar hy nog in beheer sal bly van die Oosseekus en die hawe Wismar, naby Lübeck, asook

van twee vliegvelde naby Berlyn vir dertig jaar lank.

Enige bedreiging van die Oos-Duitse gesag sal deur Rusland teengestaan word, en bewapening van Wes-Duitsland sal beskou word as 'n bedreiging van die vrede. Later sal van Oos-Duitsland 'n onderneming verwag word om Rusland te hulp te snel in tyd van gevaar.

Die produksie van ligte wapens in Oos-Duitsland en die invoering van swaar wapens sal toegestaan word. Herbewapening sal onder Russiese leiding wees. Beperkings op skeepsbou sal geleidelik opgehef word en na vyf jaar verdwyn, terwyl herstelbetalings gestaak sal word.



In naam en tradisie 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

10 vir 6d. 20 vir 1/- 50 vir 2/4

DIE MOORREESBURGSE LANDBOUTENTOONSTELLING- GENOOTSKAP TENTOONSTELLING

op

Woensdag en Donderdag, 20 en 21 September 1950,

op die TENTOONSTELLINGSTERREIN.

Die Tentoonstelling sal geopen word op Donderdag, 21 September om 2.30 nm.

Hekke gaan oop om 7-uur vm.

GROOT VERTONING

Pragtige Jersey- en Friesbeeste, Karperde, Karesels, Ryperde Spanne Esels, Spanne Perde, Varke, Skape, Graan, Groente, Huishoudkunde, Naaldwerk en Blomme.

Motors word toegelaat binne die terrein.

Luidsprekers op die veld. Musiek.

Verversings en Middagete op die terrein te kry.

Skrywe dadelik in by die Sekretaris:

J. H. VAN HEERDEN.

FOON 30

en

WOONHUIS 1513

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 3 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

STERFGEVAL

DE VOS.—Sag ontslaap te Ruigtepoort, Philipstown, op Vrydagaand, 8 September, en ter aarde bestel te Worcester op Sondagmiddag, 10 September 1950. Bessie de Vos (geb. Van Biljon).—Haar treurende eggenoot. Pleter de Vos en Kinders Japie en Ileana de Vos met kleinkinders Jacob Stephanus en Emeline Jacqueline; Pierre de Vos en Erica de Vos.
13/9/1

BEESTE

Te koop. Jersey koele en verse: Skakel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanstasie. 19/7/13B

SPEELSKIE

Bottelskeie 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goële houtsoorte. Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George. 26/7/8

GRYSHARE

GRYSHARE, skiffers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHAAWONDER die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

Antigrysk kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Voor u alle hoop van geneesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulase, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr.1) 1/9/49

VERVOERDIENS

Vir algemene karweelwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

MARK AGENTE

Kamerade Aandag! As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings Bellingan, U.T.H., die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuwe-plaas. 19/4/TK

TE KOOP

Patafranke.—Eersteklas sesmaande teen 7/- per 80 pond sak. Goële behandeling gewaarborg.—G. S. Terblanche, Pos Gannakraal, Dist. Mosselbaai. 6/9/8

PLAAS TE KOOP

Een plaas te koop in Willowmore, 3256 morges, omhein met jakkalsdraad, 8 kampe, volop water, goële weiding vir skape, baie lande. Rig navraag aan I. M. Verwey, Pou-kop, Aberdeen. 13/9/2

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteure:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258, h/v Pretoriusstraat, PRETORIA.
Teëls (Vloer en Muur), Kombuis-opwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pylare, Wasvate, Bouers en Loodgietersbenodigdhede, Staalframe, Verf, ens. 3/5/T.K.

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, drieliewe, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.—VISSEER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop- en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëtsaannemers. Foon 9-8435

Erkenning van Foute is Voorwaarde vir Duitse Bondgenootskap

Die noodsaaklikheid om Duitsland as gewapende bondgenoot van die Weste in te span teen die dreigende aanslag van Rusland, word in steeds wyer kringe besef, maar twee moeilikhede staan op die oomblik in die pad van so 'n beleid — die Britse en Franse vrees vir 'n herstelde Duitsland en die onwil van die Duitse volk om in die huidige omstandighede wapens vir die Westerse demokrasië op te neem.

Eersgenoemde vrees is gegrond op 'n skuldige gewete. Die behandeling wat Duitsland van die oorwinnaars ontvang het, is so skandalig dat ordentlike Britte die skerpste veroordeling van hul eie regerings nie kon weerhou nie, soos ook blyk uit aanhalings wat in DIE O.B. van tyd tot tyd gepubliseer is. Die Westerse politici vrees dat 'n herstelde Duitsland by 'n toekomstige vredesverdrag sekere eise sal stel wat die oorlog van 1939 nog nutteloos sal maak as wat dit reeds geblyk het te wees. Sulke eise kan onder meer inhoud die teruggawe van gebied wat van hom afgevat is, met inbegrip van dié waarvoor Hitler die stryd teen Pole aangeknoop het. Indien Pole voormalige Duitse gebied moet afstaan aan Duitsland, maak dit aan sy eie posisie natuurlik nie veel verskil nie, omdat hy een-derde van sy gebied in elk geval aan Rusland afgestaan het ten spyte van die Britse waarborg; en sover dit die Westerse volke betref, maak dit ook nie veel verskil of dit 'n sterk Rusland is wat daardie gebiede beheers of wel 'n sterk Duitsland nie.

Duitse soldate wat soos misdadigers tereggestel of in tronke gesmyt is oor dinge wat na die oorlog tot misdaad verklaar is. Daar is die onlangse veroordeling van Von Manstein op grond van stappe wat hy gedoen het ter verdediging van sy troepe teen Kommunistiese guerillamethodes. Die eer van die Duitse leer is daardeur geskend, en Duitse offisiere eis dat hierdie klad eers verwyder moet word voordat hulle die wapen sal opneem.

DOEN SELFDE

Hoe juis hierdie standpunt is, blyk uit wat tans in Korea gebeur waar die Westerse lande vir die eerste keer te doen kry met dieselfde metodes waarteen die Duitse leer in Rusland te kampe gehad het. Die Amerikaanse leërowerheid het dan ook reeds daartoe oorgegaan om opdrag te gee dat enige burgerlike Koreaan wat met 'n wapen aangetref word, op sig doodgeskiet kan word — dieselfde wat Von Manstein verplig was om te doen en waarvoor hy tans 'n vonnis uitdien.

MEDEDINGING

Die eintlike vrees lê egter in die rigting van Duitsland se mededingende vermoë op handelsgebied. En van Duitse kant word nou reeds by voorbaat verwag dat deelname aan 'n Westerse bondgenootskap voorafgegaan sal moet word deur 'n opheffing van die beperkings op Duitse produksie en die vrystelling van oorsese Duitse handel.

Dat daar geredeneer kan word dat die Westerse lande in elk geval hul vermoë sowel as die geleentheid om te kompeteer sal verloor indien Rusland die wêreld of 'n groot deel daarvan oorheers, maak nie veel indruk op die politici wat nog steeds van 'n verbygane wêreld droom op die hangmat van afgeleefde slagspreuke wat na benede tui-mel nie.

OORLOGSMISDAAD

Daar is ook die gewetenskaplike oorsake oor die behandeling van



EKSTRA Beskerming!

SANTAM SE „HUISBEWONERS-Polis” beskerm u Meubels en Huisinhoud nie net teen Brandskade nie maar ook nog teen skade deur—

- Inbraak
- Storm
- Water
- Aardbewing
- Onluste
- Ontploffings; ens.

Vir VOLLE BESKERMING—'n SANTAM „HUISBEWONERS-Polis”



SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

MOET ERKEN

In kort kom dit daarop neer dat die Westerse lande openlik aan die hele wêreld sal moet

Slawedrywers Gaan Boere Aanjaag

Volgens die Britse blad Observer, word die boere-bevolking van Rusland tans op ongekende skaal aangedryf om die nodige voedsel te produseer vir Stalin se groot oorlogsmasjien.

Die proses het begin by die fabriekswerkers wat teen die hoogste kerf oorlogstuig produseer. Maar die spanning het te kwaai geword met die gevolg dat die werkers se moraal begin daal het en dus ook die produksie. Meer voedsel word tans as noodsaaklik beskou om hulle 'n nuwe spoorslag te gee, en drywers is na die platteland gestuur om produksie van voedsel te verhoog. Die uitwerking van die nuwe maatreëls, aldus die blad, is om die platteland te omskep tot een reusagtige fabriek wat voedsel produseer.

Die kleinboere wat die grond van groot besitters na 'n Kommunistiese revolusie „erf”, bevind hulle dus al spoedig in 'n nuwe slawerny binne die Sowjetstelsel.

erken, en ook aan Duitsland, dat sowel hul oorlogsbeleid van 1939 as hul na-oorlogse wraakbeleid 'n fout was. En dit is nie so maklik om dit te erken nie — nie vir klein politici wat afhanklik is van hul posisies op grond van propaganda wat die kiesers onder die indruk moet bring van die eie onfeilbaarheid en die algehele bedorwenheid en onvermoë van die teenparty nie.

Soos Ons Lesers Dit Sien

Teen Stryd In Korea

Tom Euvrad, Mosselbaai, skryf:

Is dit moontlik om u geesdrif vir die sending van 200 vegtersbase na Korea om mense daar te gaan doodskiet (ook vroue en kinders) 'n bietjie te onderdruk? Ons het 20 splinternuwe vevliegtoe vir die doel in Amerika spesiaal aangekoop. Wie betaal dit alles, en later die pensioene? Ons is erger as die barbaar wat slegs skoor soek met hul bure — ons gaan vroue en kinders laat doodskiet wat ons nie ken en teen wie ons geen beswaar het nie, dog net om witvoetjie te soek by die Veiligheidsraad en vir die instandhouding van tiranne soos Syngman Rhee en Tsjiang Kaisjek. Ons veg daar teen 'n goeie soort Kommunisme en het die stryd al verloor nog voor hy begin het. Die Sjinese en Noord-Koreane wat hulle lewe lank as slawe van groot grondbesitters en woekeraars gelewe het, is nou vrye klein boertjies op hul eie lappies grond, vandaar hul geesdrif. Ons kan die soort goeie Kommunisme nie met 'n leer keer nie. Selfs as die V.V.O. wen, sal hy tog moet pad gee. Die Suid-Koreaners wil die seëninge van Sjina deelagtig word.

(Mense wat glo dat daar 'n goeie soort Kommunisme van uit Moskou gestook word, is besig om Stalin se goeie propaganda te sluk.—RED.)

Regter A. van de Sandt Cennivres is benoem tot nuwe hoofregter van die Unie in die plek van regter E. F. Watermeyer wat in Oktober aftree.

Was U Ook By Die Ossewaens?

- Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?
- Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlamende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?
- Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?
- Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?
- Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.
- Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.
- As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Handtekening.

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 1950

Vir ons Offisiere Verduidelik ons

ONS BELEIDSPUNT NO. 3 (Deel I)

Eie Seggenskap vir die Beroepe En Bedrywe met Inskakeling van Beroepsverteenwoordiging In die Staat

Dit spreek vanself dat eiebelang nooit heeltemal uitgeskakel of vernietig kan word nie. Want wat ons eiebelang noem, is tot 'n groot mate maar net die stryd om die behoud van die eie lewe — 'n natuurwet. Maar om eiebelang te laat hoogty vier — dit is iets heeltemal anders en dit is 'n vorm van Liberalisme, wat tot die ondergang van die gemeenskap kan lei. Die strewende moet dus wees om eiebelang binne geoorloofde perke te hou en dit so in te skakel in die volksbelang dat dit laasgenoemde kan bevorder. Die Ossewabrandwag huldig daarom die spreuk: **Volksbelang voor Eiebelang!**

Hoe om die twee te versoen?

EIE SEGGENSKAP

In die eerste plek is dit verstandig om die beroepe en bedrywe die kans te gee om hul eie huis in orde te bring, sonder inmenging van andere wat van die betrokke sake min of niks weet nie. Geriefshalwe sal ons maar hier praat van „beroepe” — of dit nou die advokate, die dokters, die landbou- of mynbedryf, onderwysers, predikante of wat ook al mag wees.

As boere die boeresake moet reël en waar nodig die tug oor boere moet uitoefen — hetsy in verband met die oortreding van kwarantynregulasies (wat die boere dan ook self gemaak het) of van die verpakking van wol met verkeerde gewigte of wat ook al — dan sal alles beter en doeltreffender geskied. Want dit raak in die eerste plek die belange van die omliggende boere, as 'n besmetlike veesiekte versprei maar dit raak ook die veestapel en die kosvoorrade van die land, d.w.s. van die ander volksgenote. En valse wolverpakking raak wel die hele uitvoerhandel van Suid-Afrika, maar in die eerste plek raak dit die wolboere van Suid-Afrika en dit kan gerus aan hulle eie optrede oorgelaat word.

Daarom sê ons dat dit baie verstandiger is om in die eerste plek die reëling en seggenskap oor 'n bedryf se huishoudelike sake oor te laat, nie aan een of ander partyregering nie — en dit dikwels die alte verkeerde party! — maar veel liever aan die gekose verteenwoordigers van die betrokke bedryf of beroep. Laat hulle die interne sake reël, met wetgewende en regsprekende mag binne die eie beroep of bedryf, en die land sal die versoening tussen intelligente eiebelang en die lewensnoodsaaklike volksbelang kry.

Wat hier bepleit word, geld alreeds tot 'n groot mate vir sekere beroepe, bv. dokters, advokate, prokureurs. As een van hulle homself so gedra dat dit teen die reëls en belange van die professie — asook van die publiek wat deur daardie professie bedien moet word — in-

druis, dan tree die mediese raad, advokate-orde of wetsgenootskap teen die oortreder op.

BEROEPS-VERTEENWOORDIGING

Die Ossewabrandwag wil egter veel verder gaan as om net aan die beroepe in hul eie geledere vryer seggenskap te gee. Ons

voel dat dit die volksbelang ook veel beter kan dien as die georganiseerde beroepe direk in die staatstruktuur ingeskakel word, direk in die wetgewing deur regstreekse verteenwoordiging en ook in die Rade of Korporasies, waarop die landregering gevestig moet wees.

(Word vervolg)

Ons Kiekie-Album



Boerejeuglede neem die saluut tydens 'n groot O.B.-Sametrek.

Ons Skryf Spesiaal vir Julle

Daar is seker baie van julle wat al ons eie blad „Die Boerejeug” lees vandat hy die eerste keer verskyn het. Andere het seker later eers begin.

Julle weet, 'n mens weet nie altyd presies waarvan julle die meeste hou om te lees nie. Om ons nou in staat te stel om julle met dié stof te voorsien waarin julle die meeste belangstel, gaan ons vir julle vra om ons met iets te help. Ons wil weet hoe oud ons lesers/esse gemiddeld is; hoeveel seuns is en hoeveel dogters is.

Ons gaan vir elkeen wat hierdie bladsy lees, vra om aan ons onderstaande vormpie in te vul en dadelik te pos. 'n Oop koert met 'n pennie-seël sal genoeg wees.

Aan elkeen van julle wat vir ons die vormpie instuur, gaan ons 'n baie mooi aandenking gee. Sodra ons jou vorm ontvang, pos ons jou present. Gou, kom ons kyk wie se vormpie is eerste in die Kaap.

En dan gaan ons drie uit al die vorms wat ons ontvang uit 'n hoed trek en aan die gelukkiges gaan ons elkeen 'n mooi foto van ons Jeugleier, Generaal Van Rooy, pos.

Vra Maar, Ons Sal Antwoord

Vraag:

Een van ons maats wil hê dat ons aan hom iets oor die gebruik van die Morse-kode moet meedeel. Goed, hier volg die belangrikste besonderhede:

Antwoord:

Met hierdie seinmetode word twee tekens gebruik, die „streep” en „punt”. Hulle word afsonderlik gebruik soos bv. in die letters E . (een punt) en T - (een streep) of gekombineerd bv. B - . . . of Y - . . . Daar word egter nooit meer as vier tekens vir een letter van die alfabet gegee nie — die letters wat die meeste in woorde gebruik word, word deur die minste aantal tekens voorgestel.

Hierdie tekens kan op verskeie maniere oorgedra word, bv. deur vlae, telegraafinstrument, heliograaf, draadloosgeleide, ligte, ens.

Afgesien van die instrument wat gebruik word, moet die volgende altyd in gedagte gehou word:

(1) 'n Streep is drie maal so lank as 'n punt.

(2) 'n Tussenpose van dieselfde lengte as 'n streep moet na elke letter gelaat word.

(3) Tussen die verskeie tekens

Hartlik Geluk

Hierdie maand het ons weer die voorreg om ons gelukwense oor te dra aan Ons Kommandant-Generaal, Hans van Rensburg, ons Jeugleier, Hoofgeneraal Dirk van Rooy en ons gewese A.K.G., Genl. J. A. Smith. Ons Leeiers herdenk hierdie maand weer hulle geboortedae, naamlik onderskeidelik op 24, 18 en 4 September.

Aan elkeen van ons gegagte senior offisiere bring die Boerejeug dank en hulde vir hulle leiding in die jare wat verby is. Ons bedede is dat aan hulle in die lewensjaar wat voorlê, die nodige krag en insig gegee mag word om in die stryd te volhard.

Hartlik geluk, en ons allerbeste wense vir die toekomst.

(vervolg van vorige kolom)

van een letter, mag daar nie die minste tussenpose wees nie, behalwe natuurlik die afbreking van elke teken.

Die volgende is 'n maklike manier om die verskeie tekens te leer. Gebruik 'n fluitjie om dit mee te oefen.

Eers die eenteken-letters:

E	T -
I	M -
S	O -
H	

Vervolgens alle teenoorgesteldes:

A	N -
B -	V
D -	U
F	L
G -	W -
Q -	Y -

En dan die „geslote”-tekens:

K -	R
P	X -

Laastens die uitsonderings:

C -	J -	Z -
-------------	-------------	-------------

Die syfers is as volg:

1	6 -
2	7 -
3	8 -
4	9 -
5	0 -

Wanneer daar van die alfabet na die sein van syfers oorgeslaan word, word die letter FI

Byeenkoms In Stad

Die Boerejeug van Kaapstad en omgewing het nou die aand weer hul maandelikse gesamentlike byeenkoms in die Vriendskapsentrum gehou. Al die ou gesigte was weer daar en 'n paar nuwes ook. Behalwe al die aangename speletjies was daar oorgenoeg om te eet en het sommige dan ook goed van die kans gebruik gemaak (né Dan?) Soos gewoonlik die geval maar is, het die aand glad te gou omgegaan en moes ons weer huis-toe.

Eerskomende Saterdagavond hou ons 'n filmvertoning oor die inwyding van die Voortrekkermonument met die een wat van ons Boerejeug-groep geneem is. Ons hoop om al die Skiereiland se Boerejeug daar te sien.

eers gegee. As ná die sein van die syfers teruggekom word na die alfabet, word die letters FF gesein.

Of 'n woord of sin reg ontvang is, kan van die bewoording afgelei word. Syfers egter nie. Daarom sal die ontvanger na syfers klaar aan hom gestuur is, sekere letters van die alfabet terugseins sodat die oorspronklike seiner kan sien of die ontvanger reg ontvang het. Die letter wat vir elke syfer teruggesein word, is as volg:

A vir 1	F vir 6
B vir 2	G vir 7
C vir 3	H vir 8
D vir 4	I vir 9
E vir 5	K vir 0

Wanneer gesein word, moet op die volgende punte gelet word:

(1) Die seiner moet met sy gesig of rug reguit na die ontvanger staan. Die ontvanger moet sy hele lyf van voor of agter kan sien.

(2) Die vlagpaal moet regop en aan sy punt gehou en van kant tot kant geswaai word. Nie van voor na agter nie.

(3) Wanneer nie gesein word nie, moet die vlag nie sigbaar wees nie.

Leen u ook DIE
BOEREJEUG aan u
vriende om te lees?

AAN: „Die Boerejeug”, Posbus 3471, Kaapstad.

Ek is 'n gereelde leser van „Die Boerejeug” en my besonderhede is as volg:

VOORNAME
VAN
GEBORTEDATUM GESLAG
HUISADRES OF KOSHUIS
.....
SKOOL
STANDERD

Stuur tog my aandenking aan die Boerejeug gou!

WAARDE

KWALITEIT

VERSEIDENHEID

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

DAMES-
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

WANNEER 'N ATOOMBOM OOR 'N STAD ONTPLOF

Wanneer 'n atoombom oor 'n moderne stad soos New York ontplof, sal daar binne 'n straal van driekwart myl algehele vernietiging plaasvind van alle moderne geboue met uitsondering van dié wat van konkreet of versterkte staal gebou is. Tot 1½ myl sal alle outydse steen- en staal-raam-geboue totaal uitgewis word, terwyl ernstige skade aangerig sal word aan moderne geboue. Agt myl van die ontploffing af sal slegs ligte skade veroorsaak word, hoofsaaklik ten opsigte van vensters en pleister.

Hierdie gegewens word verstrek in 'n lywige boek wat onlangs deur die Amerikaanse atoomkommissie in samewerking met die departement van verdediging uitgereik is as 'n handleiding. Daarin word ook voorgeskryf wat die gewone man moet doen in geval van 'n atoom-aanval.

Die ontploffing van 'n atoombom is die gevaarlikste in die lug ongeveer 2,000 voet bokant die grond. Feitlik alles binne 'n halfmyl op die grond regonder die bom sal uitgewis of onherstelbaar beskadig word deur die ontploffing self of die hitte en vuur wat daarop volg. Binne die volgende myl sal talle brande gestig word deur die uitstralende hitte van die bom sowel as deur die gebrekelektreiese drade en gaspype van die stad. Hierdie brande sal weens die vernietiging van die waterstelsel nie beveg kan word nie.

ONTSETTENDE HITTE

Wanneer 'n atoombom ontplof, verander die elemente daarin tot 'n gloeiende vuurbal met 'n deursnee van 900 voet en 'n hitte van 7,000 grade Celsius (dit wil sê 700 maal warmer as kookpunt). Rondom die vuurbal vorm 'n skokgolf van verhitte lug wat soos 'n staalmuur voortstorm en alles vernietig in sy pad. Op 'n sekere afstand word

hy versterk deur 'n weerkaatsgolf wat die drukking verdubbel. Hierdie lugmuur word gevolg deur 'n wind van 800 myl per uur wat binne 'n myl vanaf die punt op die grond reg onder die bom afneem na 200 myl per uur (dit wil sê nog etlike maal so sterk as 'n orkaan). 'n Halfmyl verder word die snelheid van die wind 150 myl per uur. Op die hakke van die wind volg 'n lugleegte wat die uitwerking het van 'n wind wat van die teenoorgestelde rigting kom. Na 'n afstand van drie myl word die geweld van hierdie magte uit.

100 SONNE

Hoewel hierdie sekondêre magte wat deur die bom opgewek word verantwoordelik is vir 'n groot deel van die skade, is die regstreekse energie van die bom verbysterend in die vorm van hitte en radio-aktiewe strale. 'n Breuk na die ontploffing word hitte en lig vrygelaat wat op 'n afstand van vyf myl die voorkoms van 100 sonne het. Binne 'n halfmyl verteer die hitte alles in die pad, en dit word gevolg deur die dodelike gammastrale wat die mens as 't ware met kanker aantast waar dit raak.

STOF EN MIS

Wanneer 'n bom op die grond ontplof, sal daar 'n geweldige krater veroorsaak word waarvan die binneste 900 voet versmelt of verdamp. Die stofwolk wat daarmee gepaard gaan, sal die gevaar van bestraling vergroot net soos in die geval van 'n onderwaterse ontploffing 'n mis die giftige strale oor 'n groot omtrek sal versprei.

Wat mense betref, sal byna almal binne 'n straal van 'n halfmyl dood wees, meeste as gevolg van die geweld en hitte en ander as gevolg van vallende geboue. 'n Denkbeeld kan byvoorbeeld gevorm word van wat sal gebeur as 'n bom gedurende die dag oor die middel van 'n groot stad ontplof wanneer almal in hul werk is.

VOORTBESTAAN

'n Driekwart myl vanaf die middelpunt sal ongeveer die helfte van die mense sterf as gevolg van die gamma-strale, sommige binne enkele minute en

ander eers na 'n paar weke. Diegene in die buurt van 'n myl en kwart sal erg vermink word deur hitte, terwyl hulle op 'n afstand van anderhalf myl beseer sal word deur vlieënde glasskerwe en ander stukke bou-materiaal.

ADVIES

Raad wat gegee word aan mense wanneer daar geleentheid is om te vlug, is om dadelik in 'n ondergrondse skuilkelder te spring en so ver moontlik weg te kom van ontvlambare materiaal, veral 'n motorkar. As jy in 'n groot gebou is, moet jy na die grond- of kelderverdieping haas. Die beste houding om in te neem is plat op die grond so ingekrimp as moontlik sodat jou klere die grootste gedeelte van jou liggaam bedek. Slegs 'n stuk papier kan al die uitwerking van hitte op die vel beperk.

MOENIE KYK NIE

Vir diegene reg onder die bom is daar nie veel om te doen nie. Hul kanse op voortbestaan is gering, maar diegene op 'n afstand van 'n myl het 'n paar oomblikke tyd om skuiling te soek nadat die waarskuwende wit lig die ontploffing aangekondig het. In daardie geval moet daar nie na die lig, wat so sterk soos 100 sonne sal wees, gekyk word nie, maar daar moet geduik word na die eerste die beste skerm. Op 'n oop terrein moet die toevlug maar geneem word na inkrimping plat op die grond. As daar 'n skaduwee naby is moet daaronder ingedui word. Binne in 'n huis moet dadelik agter 'n meubelstuk of onder 'n tafel ingekruip word. In alle gevalle moet die rug gehou word in die rigting van waar die bom ontplof.

Sodra die ontploffing verby is, moet die oorlewendes hulself met water en seep of 'n spesiale seep-preparaat wat tans op die mark is, was en skrop ten einde radio-aktiewe deeltjies van die liggaam te verwyder.

(Vervolg van bladsy 1 kolom 1)

Partylose Republiek

sou jou niks help om leier van die sterkste party in die Volksraad te wees nie; jy kan nie daardeur Eerste Minister word nie aangesien die President self Eerste Minister was. Dit sou jou ook niks help om leier van die tweede sterkste party te wees nie, aangesien daar ook geen amp soos Leier van die Opposisie bestaan het nie. Verder sou jy ook nooit Minister van Mynwese of Naturellesake of Onderwys word omdat jy 'n prominente lid van dié of dié party is nie. Daar was geen sodanige Uitvoerende Raadsportefeuiljies nie — die betrokke departementshoofde is vir dié doel gekoopteer. Politieke partye soos ons dit vandag ken, kón in die Z.A.R. nie bestaan nie, omdat niemand daaruit veel voordeel kon haal nie.

So gaandeweg het ons reeds van die Uitvoerende Raad oorgegaan na die Volksraad. Volgende keer hoop ons om meer te vertel van die Volksraad in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852 tot 1902.

Aan die Nuusfront

EKONOMIESE BANDE VAN EMPIRE STERKER

Handel met die Statebond het die hoeksteen gevorm vir Brittanje se ekonomiese herstel, het die Britse minister van finansies, Harold Wilson, verlede week gesê. Brittanje se uitvoerhandel met Statebondslende het van 43 persent voor die oorlog tot 51 persent verlede jaar vermeerder, terwyl 45 persent van Brittanje se invoer verlede jaar uit die Statebond afkomstig was vergeleke met 36 persent voor die oorlog.

* * *

'n Monument ter ere van kommandant Danie Theron, beroemde aanvoerder van die Verkeners in die Tweede Vryheidsoorlog, is verlede Saterdag te Gatsrand, naby Potchefstroom, waar hy gesneeu het, onthul. Dr. T. E. Dönges was die hoofspreekster.

* * *

'n Twintigtal persone het die afgelope week kennisgewing van die bereddenaar — wat kragtens die wet op Kommunisme benoem is — ontvang waarin hulle genoem word as voormalige lede van die ontbonde Kom-

munistiese Party en die geleentheid aangebied word om te getuig voordat hul name op die lys geplaas word. Persone wie se name op die lys geplaas word, kan deur die Minister van Justisie beperk word in hul bewegings en uit sekere liggame geweier word. Onder die wat genoem is, is mnr. Sam Kahn, L.V. en mnr. Fred Carneson, L.P.R.

* * *

Die pad tussen Kaapstad en Rhodesië sal, met uitsondering van 'n kort strokie naby Louis Trichardt, tot by Beitbrug heeltemal geteer wees teen 1953, volgens 'n aankondiging van die Sekretaris van Vervoer, mnr. J. Gibson. Die kuspud tussen Kaapstad en Durban sal ook teen daardie tyd voltooi wees, asook dié tussen Pretoria en Komatiapoort.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groot Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

17 Britte Het S.A. Burgerskap Verwerp

Sewentien persone wat Unieburgerskap outomaties verwerf het kragtens die ou wet van 1927, het aansoek gedoen om onthef te word van hul Suid-Afrikaanse burgerskap kragtens die nuwe wet van 1949, terwyl twee aansoeke nog deur die Departement oorweeg word. Hulle sal voortaan net Britse onderdane wees en sal geen stemreg in die Unie geniet nie.

Volgens die nuwe wet kon persone wat Britse onderdane wou bly en weier om Suid-Afrikaanse burgerskap te aanvaar, binne 'n jaar na die inwerking-treding van die wet aansoek doen om onthef te word van hul Suid-Afrikaanse burgerskap. Die tydperk het aan die begin van die maand verstryk.

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

Sterkste Idee Sal Wen

Kommunisme deur sowel die demokraties-kapitalistiese as die volkstate van die Weste. In hierdie wêreldstryd gaan politieke partye en volksbeweging in elke land skouer aan skouer veg teen die Kommunisme — net soos in Spanje in 1937. En die volkstate en die volksbewegings sal weer — net soos in Spanje — maar hierdie keer op wêreldskaal — die onontbeerlike alternatiewe idee moet verskaf vir die kommunistiese ideologie. Die politieke partye sal kan sê: ons gaan veg teen die Kommunisme. Maar die volksbewegings sal kan sê: ons gaan veg vir 'n nuwe en beter vaderland.

Wat in die dertiger jare op klein skaal in Spanje gebeur het, gaan in die vyftiger jare op groot skaal in die hele wêreld gebeur. En dit is die gang van hierdie wêreldgebeurtenisse wat ook die taak van die O.B. in Suid-Afrika oneindig gaan vergemaklik.

Tiervlei Hou O.B.- Dag

Die kommando van Tiervlei het verlede Saterdagmiddag in die Nasionale Saal op gebruikelike wyse die verjaardag van die Ossewabrandwag gevier. Die vroue onder leiding van mev. (komdte.) B. Harris het gesorg vir lekker koek en ander gebak; vir poeding; en vir koffie met hoenderpastytjies en pannekoek.

Die generaal, mnr. A. J. van Rooy, het die basaar in die middag geopen en in die aand voorgesit op die vergadering wat deur mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, toegesprek is. Mnr. J. A. Strauss (komdt.) het die aanwesiges verwelkom en dank betuig aan die vroue wie se ywer en opoffering die basaar moontlik gemaak het.

'n Amusante voordrag wat die gehoor laat skaterlag het, is deur mej. H. Tredoux gelewer.

OPLEIDING... HUL TOEKOMS

Maar die koste?

Tiena en Johan was albei ywerig in hul studies, en hul toekoms was baie belowend. Hulle sou dit nog baie ver in die lewe bring.

Maar, om hul ideale te bereik, sou baie meer kos as wat hul ouers gewoonweg kon bekostig, want die opleiding van 'n ingenieur of dokter kos baie honderde pondes.

Gelukkig het hul ouers vroegtydig besef dat die nodige geld nie net in 'n jaar of twee bymekaar gemaak kan word nie. Daarom het hulle betyds—toe albei kinders nog klein was—hul toekoms verseker deur Sanlam-Studiepolis.

Daar is altyd uitkoms by Sanlam!



Sanlam, Afdeling 17d, Posbus 660, Kaapstad.
Laat my asb. dadelik weet hoedat u my kan help om vir 'n studiefonds vir my kind voorsiening te maak.

NAAM:

ADRES:

Beroep: Ouderdom volgende verjaarsdag:

Kind se ouderdom volgende verjaarsdag: